














tuin van digters

# saamsaam

## wellington 13 & 14 september 2024


breytenbachsentrum

die tuiste van die Afrikaanse digkuns word moontlik gemaak deur
Dagbreektrust se trust vir kuns, kultuur en erfenis in samewerking met NB Uitgewers




















# Maanplant (September 2023)

die lewe was nog altyd om te dans
en aldoende só gestalte aan syn te gee
vir die saamneem-nooi-en-éét
van die boerpampoen
ter wille van die mooi
maar nou in die seisoen van gaan
met gedoen van die hand gedaan
wéét ek van stilte skil
en blind daardie pitte van oorlewing
te soek in die maan se kooi
wat neem ek vir die saamsaam saam?
die beaming van te gelewe het
en my naam  nogal getooi
as 'n gedig van wysies om vir die gat te lag
geplant in die maan se sand
oplaas gesigloos met die pampoen versoen

© Breyten Breytenbach

"Ons is 'n weerspieëling van wat die geskiedenis van ons gemaak het … en hoe ons mekaar mismaak het met die geskiedenis as verskoning. Punt is egter: Ons gee wragtag nie toe dat ons so gemaak en laat staan is nie. Want hierdie is 'n ruimte vir hibridisering en méér: vir saam-mekaarandersmaak."

**- Breyten Breytenbach**
(16 September 2023, Wellington)

G "is die soort bundel wat hopelik ook digters in die Suid-Afrikaanse taalomgewing tot soortgelyke samewerkings en interaksies sal inspireer."

**- Prof. Louis Viljoen**
(oor Klara du Plessis, wat in Kanada woon, se derde digbundel met die naam G, wat sy saam met die Iranees-gebore digter Kashayar "Kess" Mohammadi geskryf het).

TUIN VAN DIGTERS 2024



'n Geslag kan nie verbygaan sonder 'n Ingrid Jonker op die rak
en in die hart nie.

— Tom Gouws

TUIN VAN DIGTERS 2024

# Vrydag 13 September 2024

# TUIN VAN DIGTERS 2024



## SAAMWEES IN DIE DIGTERSTUIN

**16:00 – 16:45 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Curtis van Kerwel en musiekstudente*

Curtis van Kerwel bied professionele musieklesse in die Breytenbach Sentrum aan vir studente uit die plaaslike gemeenskap en elders. Kyk (en luister) hoe hulle saam met klanke toor.

## NEDERLANDERS DIG SAAM

**17:00 – 17:45 | ATKV Akkoordtent Woordtent**
**Aangebied deur die Kaapse Forum Neerlandistiek**

*Met: Die Nederlandse digters Joost Oomen en Simone Atangana Bekone.*

Die twee digters is op uitnodiging van die Kaapse Forum Neerlandistiek in Suid-Afrika om deel te neem aan die Neerlandistiekdag gereël deur die Universiteite van Kaapstad, Wes-Kaap en Stellenbosch se Departemente Afrikaans en Neerlandistiek. Hulle lees van hulle gedigte voor.

## STR(A)Y EN IN DIE SKEPPENDE OOMBLIK

**(Opening van feesuitstallings)**

**18:00 – 18:45 | ATKV Akkoordtent en tuinarea**

*Openingspreker: Prof. Stella Viljoen, medeprofessor in Visuele Studies by Universiteit Stellenbosch*

Opening van die kunsuitstalling ***Str(a)y*** deur Elizabeth Gunter in die Breytenbach Galery en van 'n foto-uitstalling ***In die Skeppende Oomblik*** deur wyle Paul Alberts in die die Cloete Gemeenskapsgalery. **Bespreek by Anne-Ghrett Erasmus Coetzee by 083 415 0002.**

## INGRID & ILANA

**19:00 – 19:45 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Ilana de Vlakte van die Kalahari*

Die digter, toonsetter en sanger Ilana de Vlakte sing gedigte van Ingrid Jonker asook van haar eie getoonsette gedigte.

## WÊRELDWYD SAAM MET INGRID: HULDIGING VAN INGRID JONKER

**20:00 – 20:55 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Ingrid Jonker en ander*

Die digter Ingrid Jonker, wat op 19 September 1933 gebore is en op 19 Julie 1965 oorlede is, sou nou in haar 90ste lewensjaar wees. Maak reg vir 'n aangepaste roerende huldigingsvideo deur Petrovna Metelerkamp ***Ingrid Jonker – Wêreldwyd*** **(Hemel en See)**, oor die lewe en wel en wee en dood en nalatenskap van Jonker en oor haar gedigte. Ingrid praat onder meer oor haar lewe en lees van haar gedigte voor.

## ONTVLUGTING & TUSSEN BLOEISELS: INGRID EN BREYTEN WOORDKUNSPROGRAM

**21:00 – 22:00 | ATKV Akkoordtent**

*Met: 'n Ingrid en Breyten Woordkunsprogram met Elizabeth Marais, Corniël Calitz, Lara Kirsten en die komponis Andre Strijdom*

Digwoorde en klassieke sang span saam met sing van toonsettings van Ingrid Jonker en Breyten Breytenbach se gedigte deur Marais (sopraan), Calitz (bas-bariton) en Kirsten (klavier).

# Saterdag 14 September 2024



## SAAM MET DIE WÊRELD OM ONS

**08:30 – 09:15 I ATKV Akkoordtent**

*Met: Afrikaanse leerders van die Weltevrede Sekondêre Skool in Wellington*

Die Afrikaanse onderwysers Ashlene Ayford en Marlize Fortuin se leerders dra hulle gedigte voor oor hulle leefwêreld. Die skryf van die gedigte is deel van 'n gesamentlike leer- en helende proses vir hulleself en almal wat saam met hulle leef.

## STIL GESPREK IN FOTO'S

**09:00 – 09:45 I Woordtent**
**Aangebied deur Naledi**

*Met Alwyn Roux, Jan Pretorius en Geo Jooste*

***Stil gesprek*** is 'n pragtige publikasie wat bestaan uit 24 oorspronklike ekfrastiese gedigte van die bekende opvoedkundige en akademikus Jan Pretorius, wat geskryf is na aanleiding van die internasionaal bekroonde natuurfotograaf Geo Jooste se natuurfoto's wat in volkleur aan die keersy van die gedigte afgedruk word.

## ''N HARDE EN DONKER PLEK'

**10:00 – 10:45 I Woordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Daniel Hugo en Rudolph Willemse*

Die digter en vertaler Daniel Hugo gesels met digter en kunstenaar Rudolph Willemse van Riebeek-Kasteel oor Willemse se derde digbundel, ***Swartland*** (Turksvy Publikasies), en ook oor sy fotografie. Die gedigte handel nie net oor die Swartland as "geografiese plek" nie, maar ook oor Willemse se eie "kopruimte".

## SAAM GEE WOORDE LEWE

**10:00 – 10:45 I ATKV Akkoordtent**

*Met: Diana Ferrus en die Mengelmoesdigters.*

Woorde het die vermoë om mense te inspireer, te genees en te verbind. Om by te dra tot die skepping van 'n meer deernisvolle, begripvolle en lewendige wêreld. Theresa Carstens lees uit haar debuutbundel, ***Ghost town***, saam met digters Merle Danhouse, Gaireyah Fredericks, Fiona Fertyn, Jadrick Pedro, Naidene Lottering en Sophia Oliphant.

## DIGTERS PRAAT SAAM

**11:00 – 11:55 I Woordtent**
**Aangebied deur NB Uitgewers & Turksvy Publikasies**

*Met: Prof. Bernard Odendaal gesels met digters wie se bundels onlangs verskyn het.*

Gesprekke oor en voorlesings uit die Afrikaanse bundels van Jaco Barnard-Naudé (***Om my kastele in Spanje te sloop)***, André le Roux (***Liefde en verset***) en Hennie Nortjé (***Noord van Malelane***).

## RAFEL: WOORD EN KLANK TAPYT

**12:00 – 12:45 I ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Andries de Beer, Kristi Boonzaaier en Norra Marris*

"Rafel" is 'n poësie-musiek produksie wat as 'n tapyt van woord en klank gespin is. Hierdie unieke vertoning kombineer die rou, fyn uitgewerkte verse uit Andries de Beer se bundel ***AALMOES*** *vir die bootman,* die verfynde musikale komposisies van Kristi Boonzaaier en die dramatiese stem van Norra Marris. Deur poësie en musiek naatloos te verweef, skep "Rafel" 'n ryk, emosionele ervaring wat die gehoor dieper laat delf in temas van verbondenheid en verlies.

## OPEN MIC: TOEKOMSWOORDE

**12:00 -13:00 I Woordtent**

*Met: Kobus Coetzee en Anouk Cronjé (lede van die jeugdireksie van die Breytenbach Sentrum), Hakeem Clayton van Verlore Tussen Blokkasies) en opkomende digters.*

Ons nooi enige digter of voornemende digter met gedigte in die onderste laai of in die kop om dit Saterdag 14 September om 12:00 op die verhoog van die Woordtent te kom voordra of voorlees. Kontak gerus vir Kobus by 073 538 8771 of Anouk by anoukcronje02@yahoo.co.za.

## SAAMBESTAAN

**13:00 – 13:55 I ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur PEN Afrikaans**

*Met: Martina Klopper, Jolyn Phillips en Bibi Slippers in gesprek met Andries Visagie*

In hierdie paneelbespreking, met Andries Visagie as fasiliteerder, kom belig digters die feestema "saamsaam" met verwysing na die saambestaan van mens en natuur, en mens en masjien, en hoe dit in die digkuns neerslag vind. Hulle lees ook van hul gedigte voor.

## EEN VOET INNIE KABR

**14:00 – 14:45 I ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur NB Uitgewers**

*Met: Gaireyah Fredericks en Diana Ferrus*

'n Gesprek tussen protesdigter Diana Ferrus en die digter en skrywer Gaireyah Fredericks oor Fredericks se jongste publikasie, ***Een voet innie kabr***. Fredericks het in Julie die Internasionale Jeug Poësie Fees in China bygewoon. Die Mengelmoesdigters het in 2012 by die Breytenbach Sentrum onder leiding van Ferrus ontstaan en hierdie is maar net een van hulle vele hoogtepunte.

# Saterdag 14 September 2024

## SAAM MET LYNTHIA EN ALWYN

**14:00 - 14:50 | Woordtent**
**Aangebied deur NB Uitgewers en Naledi**

*Met: Lynthia Julius en Alwyn Roux*

Die digter Lynthia Julius (***Kinderlê***) en Alwyn Roux, wie se debuutbundel ***Weerskyn*** vanjaar verskyn het, vra mekaar uit oor hulle onderskeie bundels en lees daaruit voor.

## DIE EIESOORTIGES: ROCCO DE VILLIERS

**15:00 – 15:45 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur Turksvy Publikasies**

*Met: Rocco de Villiers*

Die gevierde pianis Rocco de Villers maak musiek en lees voor uit sy digbundel ***Die Eiesoortiges***

## EK EN JY BESTAAN NIE EN TABOEK

**17:00 – 17:45 | ATKV Akkoordtent**
**Aangebied deur NB Uitgewers en Naledi**

*Met: Danie Marais en Riku Lätti*

Danie Marais vorige wenner van die Ingrid Jonker-prys vir 'n debuutbundel, en die sanger en liedjieskrywer Riku Lätti, praat saam oor mekaar se jongste digbundels, Marais se ***ek en jy bestaan nie*** en Lätti se ***Taboek***.

## ONS KLYNTJI 2024 – AMPTELIKE BEKENDSTELLING

**18:00 – 18:45 | Woordtent**

*Met: Toast Coetzer (aanbieder) en digters*

Die Tuin van Digters is die afgelope vier jaar die plek waar Ons Klyntji sy jaarlikse alternatiewe, veeltalige zine wat gedigte, kortverhale, fotografie en comics publiseer, bekendstel. Kom luister hoe van die digters en skrywers hulle gedigte en verhale voorlees.

# DIE PAPIE ROER EN EK WORD DIGTER

**16:00 – 16:45 | Woordtent**
**Aangebied deur Protea Boekhuis**

*Met: Alwyn Roux, digter en medeprofessor in kreatiewe skryfkuns en literatuurwetenskap by die Departement Afrikaans en Algemene Literatuur-wetenskap aan Unisa, en Louise Viljoen, afgetrede professor in Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch*

Alwyn Roux gesels met Louise Viljoen, oor die heruitgawe van Ingrid Jonker se versamelde gedigte. Viljoen het 'n omvattende inleiding geskryf waarin sy die fokus plaas op Jonker, en nie haar lewensverhaal nie. Jonker word voorgestel as 'n baanbreker in die Afrikaanse literêre tradisie, waarin Viljoen Jonker se gedigte herwaardeer met 'n fokus op hul intrinsieke waarde, eerder as om dit bloot as 'n weerspieëling van haar lewe te sien.

# INGRID JONKER-PRYS

**19:00 – 19:45 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Prof. Marius Crous (Voorsitter van die Ingrid Jonker-pryskomitee), dr. Theuns Eloff (Voorsitter van die Dagbreek Trust), André Wagner (direksielid van die Breytenbach Sentrum) en vanjaar se pryswenner*

**Die Ingrid Jonker-prys vir 'n Engelse debuutbundel word oorhandig aan vanjaar se wenner. Engelse debuutbundels wat in 2022 en 2023 gepubliseer is, het in 2024 in aanmerking gekom vir die prys.**

## FRIEDA VAN DEN HEEVER

**20:00 – 20:55 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Frieda van den Heever*

'n Spesiale musiekoptrede deur Frieda van den Heever wat vir 'n unieke ervaring gaan sorg met haar eie toonsettings wat opgeneem is in haar gevierde debuutalbum ***Spoorsny***, sowel as toonsettings van gedigte van Ingrid Jonker, Breyten Breytenbach en ander Afrikaanse digters.

## SING SAAM DANS SAAM

**21:15 – 22:30 | ATKV Akkoordtent**

*Met: Willim Welsyn en die Sunrise Toffies*

Moenie vanjaar se afsluitingskonsert misloop nie. Die rocker Willlim Welsyn en sy Sunrise Toffees gaan sorg dat jy in Afrikaans ruk en rol en wikkel wat die dansvoete tot laat gaan laat jeuk.



TUIN VAN DIGTERS 2024

# Jonk en oud dig saam

Die Breytenbach Sentrum se jeugdireksie onder leiding van Kobus Coetzee en Anouk Cronjé nooi enige digter of voornemende digter met gedigte in die onderste laai of in die kop om dit Saterdag 14 September om 12:00 op die verhoog van die Woordtent te kom voordra of voorlees. Kontak gerus vir Kobus by 073 538 8771 of Anouk by anoukcronje02@yahoo.co.za.

"As jy weer in jou dagboek skryf/Onthou/Om die goue blaar te sien in die Somerson"

# INGRID JONKER: INSPIRASIE VIR GENERASIES

Ingrid Jonker is op 19 September 1933 op Douglas in die Noord-Kaap gebore, die jongste dogter van Abraham Jonker en Beatrice Cilliers. Beatrice het 'n paar maande voor Ingrid se geboorte haar man verlaat en 'n paar jaar later het sy, Ingrid en Anna (die oudste dogter) na hulle oupa en ouma Cilliers in Durbanville getrek.

Na hulle oupa Cilliers se dood, toe Ingrid vyf of ses jaar oud was, is hulle – Ouma, Beatrice, Ingrid en Anna – na Somersetstrand en later Gordonsbaai toe. Nadat Beatrice in 1944 oorlede is, het Ingrid en Anna eers by hulle ouma gebly totdat hulle na hulle pa in Plumstead in Kaapstad is.

In 1956 is Ingrid en Pieter Venter, 'n verkoopsbestuurder by 'n Kaapstadse motorsaak wat safari's reël, getroud. Pieter het ook gedig en was heelwat ouer as Ingrid.

In Desember 1957 word Ingrid en Pieter se dogter, Simone, gebore. Pieter is Johannesburg toe verplaas en die gesin moes noodwendig na die noorde verhuis. In 1960 trek Ingrid en Simone egter alleen terug Kaap toe. In Julie 1961 word Ingrid vir die eerste keer in 'n psigiatriese inrigting opgeneem en in 1962 is sy en Pieter geskei. Pieter is in 1981 oorlede.

Ingrid se eerste digbundel, **Ontvlugting**, is in 1956 gepubliseer en in 1963 Rook en oker, albei by Afrikaanse Pers-Boekhandel.

**Rook en oker** verskil van **Ontvlugting** in die opsig dat sy haar meer tot die vrye vers gewend het.

Die bundel word in 1964 met die APB-prys bekroon – op daardie tydstip die grootste prys (R2 000) van sy soort in Suid-Afrika. Ingrid het die prysgeld (saam met 'n toelaag van die Anglo American Corporation) gebruik om in Nederland te gaan studeer en daarna deur Europa te reis.

In Parys het Ingrid se gemoedstoestand sodanig versleg dat Breyten Breytenbach moes reël dat sy in Sainte-Anne, 'n inrigting daar, opgeneem word. Daarna is sy terug Kaapstad toe.

Op Saterdag 17 Julie 1965 het Anna, haar suster, vir Ingrid die laaste keer gesien. Om kwart oor sewe op Maandag 19 Julie 1965 het 'n mnr WA Williams op pad na sy werk iets in die sand by Drieankerbaai in Kaapstad sien lê. By nadere ondersoek het hy gesien dat dit 'n liggaam is en dit by die polisie aangemeld. Ingrid se dagboekinskrywings vir die laaste paar dae van haar lewe was: “Stilte.”

Die Sondag na Ingrid se begrafnis het meer as honderd van haar vriende en bewonderaars by haar graf byeengekom, waar hulle gedigte voorgelees het. By hierdie geleentheid het Jan Rabie ook die daarstelling van die Ingrid Jonker-prys bekendgemaak wat elke jaar om die beurt aan 'n Engelse en 'n Afrikaanse digter toegeken sou word.



## “Want ons is een, een liggaam en een gees”

TUIN VAN DIGTERS 2024

Die digbundel **Kantelson** word in 1966 postuum deur Afrikaanse Pers-Boekhandel gepubliseer. Dit bevat 33 nagelate gedigte saam met ’n kort lewensskets van Ingrid.

Tien jaar na haar dood, in 1975, publiseer Perskor Uitgewers die **Versamelde werke** van Ingrid Jonker. Hierin verskyn baie van haar werk wat nog nie voorheen gepubliseer is nie en waarvan ’n groot deel outobiografies is.

In 1988 verskyn **Selected poems** van Ingrid wat deur Jack Cope en William Plomer vertaal is. Die tweede uitgawe word in 2001 gepubliseer.

In 1993 word 32 gedigte van Ingrid deur Jerzy Koch van Pole in Pools vertaal en onder die titel **Heimwee** na **Kaapstad (Tesknota za Kapsztadem)** gepubliseer.

In 1994 is Ingrid weer groot nuus in die media toe pres. Nelson Mandela in sy openingsrede van Suid-Afrika se eerste demokratiese parlement Ingrid se “Die kind” voorlees.

Dit het veroorsaak dat **Versamelde werke** in 1994 weer uitgegee is, met ’n sagtebanduitgawe in 2006 wat deur Anna Jonker saamgestel is. Daar was weer ’n heruitgawe in 2016.

In 2007 word **Black butterflies**: **selected poems** deur Human & Rousseau uitgegee met André P Brink en Antjie Krog as die vertalers. In 2011 is **Black butterflies** as ’n biografiese rolprent oor Ingrid Jonker vrygestel. Die regisseur was Paula van der Oest.

Pres. Thabo Mbeki ken in 2004 die Orde van die Ikhamanga, Suid-Afrika se hoogste toekenning vir prestasie in die skeppende en uitvoerende kunste, postuum aan Ingrid toe uit erkenning vir haar letterkundige bydrae in Afrikaans. Sy word ook erken vir haar bydrae tot versoening waartoe haar werk aanleiding gegee het.

Petrovna Metelerkamp is die samesteller van ***Ingrid Jonker: beeld van ’n digterslewe*** wat in 2003 by Hemel & See Uitgewers verskyn. In 2018 publiseer Hemel & See Boeke Metelerkamp se uitgebreide biografie van Ingrid Jonker – ***Ingrid Jonker: ’n biografie.***

In 2019 is die Ingrid Jonker L’Art Poétique-digkompetisie deur Zalman Davis, skrywer en digter van Sasolburg, begin. Hierdie kompetisie is “gevestig in die diep literêre spore van Ingrid Jonker”.

Simone Jonker is op 30 Januarie 2023 in Hermanus oorlede as gevolg van ’n infeksie wat sy opgedoen het as gevolg van ’n “aggressiewe” soort kanker. (LitNet, 3 Februarie 2023)

.

Protea Boekhuis publiseer in 2023 Ingrid Jonker: **Die papie roer en ek word digter** met ’n inleiding deur Louise Viljoen. Dit bevat gedigte uit al drie Ingrid Jonker se digbundels, **Ontvlugting, Rook en oker** en **Kantelson.**

Carla van der Spuy van Maroela Media wou by Viljoen weet of sy dink die belangstelling in die besonderhede oor Ingrid se tragiese lewe oorheers die belangstelling in haar digkuns: “Die feit dat sy so ’n tragiese lewe gehad het en so jonk gesterf het, is ’n gegewe maar daar is tog iets van haar verse in mense se bewussyn. Talle boeke het ’n lewensduur, maar gedigte word onthou.

“Ingrid se verse het hierdie lieflike liriese element, maar ook ’n donker toon wat mense aanspreek. As sy maar net toevallig ’n meisie was wat selfmoord gepleeg het, sou mense nie van haar geweet het nie.”

NOTA: *Hierdie is ‘n verkorte weergawe van Erika Terblanche se omvattende ATKV/Litnet-Skrywersalbum op Litnet.com (24 Julie 2024) oor Ingrid Jonker. Lees die volledige inskrywing by*
https://litnet.co.za/ingridjonker-1933-1935/

Foto’s van Ingrid Jonker op bladsye van die program kom uit Petrovna Metelerkamp se boek **Ingrid Jonker – beeld van ‘n digterslewe.**

















# UITSTALLINGS

## STR[A]Y

(saam-nie-saam-saam)

**saam.** 1. By mekaar
2. Met mekaar, byeen, ineen, mee.

{*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, Labuschagne & Eksteen, Van Schaik (1993)}

*"Ek berus my by 'n hersenskim van saamheid met die dier, en soek deur teken 'n wisseling sonder woorde, 'n gedeelde wete van wording, altyd wagtend op 'n enkele gebaar wat die innighede van my en die dier se eerste tot laaste asemteue sou verraai. Ek leer in die stilte waarmee tekentaal vloei en woed om die stomheid van dierlike bewustheid te ken en merk só beide die andersheid en eendersheid van diere-wete-en-wording. Saam uiter ons geen woord wat met die klaarheid van vreemdelinge sou weerklink nie."*
- Elizabeth Gunter

Kunsuitstalling deur Elizabeth Gunter in die hoofgalery op die eerste vloer van die Hoofgebou en profielfoto's van kunstenaars deur Paul Alberts in die Cloete Gemeenskapsgalery op die grondvloer. Gunter was tot 2022 verbonde aan Stellenbosch Universiteit waar sy in die Visuele Kunste Departement klasgegee het en in 2011 'n PhD in Visuele Kunste verwerf het. Die mens/dier verhouding dien as onderwerp in haar kuns wat hoofsaaklik tekenkuns behels. Die moontlikheid van 'n oorvleueling tussen menslike en dierlike wete en wording dien as dryfveer genoeg om die woordeloosheid van die tekenproses in die stomheid van die dier te vind.





## IN DIE SKEPPENDE OOMBLIK

(Foto-uitstalling)

**Paul Alberts**, wat in 2010 oorlede is, het hom daaraan toegewy om die groot geeste van Suid-Afrikaanse kuns in hul skeppende oomblikke in die sewentiger- en tagtigerjare te dokumenteer.

Die uitstalling, saamgestel deur sy weduwee Charmainé Alberts, gee 'n dinamiese oorsig van die kultuurbedryf destyds. Talle foto's het in sy 1979-boek ***In Kamera*** verskyn.

## GERHARD VAN ECK: TUINBEELDE

Gerhard van Eck se forté is die vasvang van energie, beweging en emosie in die uitbeelding van sy beeldhouwerke. Hy werk in talle mediums, maar in hierdie beeldwerke ter viering van die Tuin van Digters 2024 en veral Ingrid Jonker, is die medium "Polymer resin", handgeverf met 'n marmer basis. Sy beelde weerspieël die speelsheid en ligterkant van Ingrid, asook die peinsende poësieskepper, wat soms, al lyk dit nie so nie, die donker beleef.

Ek weet tog
jou mond is 'n nessie
vol voëltjies
(Ek weet – uit *Rook en oker*)

## INGANG NA TUIN VAN DIGTERS

Die ingang na die hoofgebou is Burgerstraat 14. Daar is twee tente by Tuin van Digters, die **ATKV Akkoordtent** en die Woordtent.
Wyn en ander drank is in die ATKV Bôrdienghuis-teater te koop en eetgoed by stalletjies op die terrein sowel as by koffie@breytenbach, die Breytenbach Sentrum se koffiewinkel en by 'n koffiestasie op die terrein.
Besoek ook die winkel langs die Breytenbach-galery vir kunsgeskenke.

## PEN AFRIKAANS

Lede van PEN Afrikaans, 'n skrywersorganisasie wat hom onder meer beywer vir die bevordering van Afrikaanse woordkuns en die letterkunde in die algemeen, sowel as vir uitdrukkingsvryheid en taalregte, wie se ledegeld opbetaal is, kan die Tuin van Digters gratis bywoon.

## ONS HELP SAAM

**Francois Lötter**
**Hooforganiseerder**
083 408 1902
francois@breytenbachsentrum.co.za

**Deon Meiring**
**Skakeling met deelnemers**
082 464 7897

**Jessica Ruiters**
**Administrasie en noodhulp**
066 289 2212;
info@breytenbachsentrum.co.za

**Anne-Ghrett Erasmus Coetzee**
**Breytenbach Galery en verblyf**
083 415 0002;
galery@breytenbachsentrum.co.za

**Esther Kotzé**
**The Book Traders boekwinkel**
072 997 4813;
thebooktraders@gmail.com

**Jeannine de Frene**
**Kaartjies en besprekings**
061 156 5386


## KAARTJIEPRYSE

**Kaartjies kan gekoop word by Quicket by https://qkt.io/PlnelB.**

**Toegang vir Vrydag 13 September**
R100 per volwassene vir Vrydag 13 September (alle programitems ingesluit)
**Toegang vir Saterdag 14 September**
R250 per volwassene vir Saterdag 14 September (alle programitems ingesluit)
**Tweedagpakket vir Vrydag 13 September en Saterdag 14 September**
R300 per volwassene vir 'n naweekkaartjie
**Studente**
R100 per student vir 'n naweekkaartjie (met geldige studentekaart)
**Kinders onder 16**
R50 per dag vir kinders onder 16.
**Opbetaalde Lede van PEN Afrikaans**
Gratis toegang

## VERDERE NAVRAE

Breytenbach Sentrum, Burgerstraat 14, Wellington. Kontak ons by 066 289 2212 of per e-pos by info@breytenbachsentrum.co.za.




# DANKIE AAN ONS BORGE EN ONDERSTEUNERS

Dagbreek Trust, NB Uitgewers, ATKV, Boland Cellar, Drakenstein Munisipaliteit, Die Rupert Musiek Stigting, Prosperity Management Africa, Dagbreektrust se trust vir kuns, kultuur en erfenis, Naledi, Turksvy Publikasies, Protea Boekhuis, Fiësta/kykNET, Ons Klyntji Internasionaal, PEN Afrikaans, Litnet.com, Die Burger, Paarl Post, Netwerk24, Wellington Toerisme, Die ATKV Bôrdienghuis Teater, The Book Traders, Breytenbach Galery, Isabeau Media, War Room Media

## VERBLYFBORG

Die Cummings Gastehuis

## BOEKSTALLETJIE

Daar is weer 'n boekstalletjie in die digterstuin waar digbundels en ander publikasies wat onlangs en vroeër verskyn het gekoop kan word. The Book Traders-boekwinkel in die hoofgebou het ook 'n uitsonderlike versameling tweedehandse boeke.

## PROGRAM ONDERHEWIG AAN VERANDERING

Volg @Breytenbachsentrum op Facebook en Instagram en hou ons webwerf, www.breytenbachsentrum.co.za, dop vir die nuutste inligting oor die Tuin van Digters 2024.